GKSA NUUSBROKKIES

Sondag 4 April 2021

LIEF EN LEED

Beterskapwense

Ons bid vir almal wat operasies ondergaan het of tuis aansterk of nog vir ‘n operasie in die komende week moet gaan Gods seën op ‘n spoedige herstel toe.

Hartlike gelukwense aan die volgende predikante/professore en eggenotes met hul verjaardae

1 April	Ds GS Kruger (Gerrit) – GK Centurion
2 April	Mev R Venter (Rienkies), eggenote van ds GA Venter (Reghardt) – GK Krokodilrivier
3 April	Ds OL Moncho (Oageng) – GK Ikageng
	Mev J Floor (Jacqueline), eggenote van ds LM Floor (Marcel) – GK Sasolburg
4 April	Ds LC Scheepers (Lukas) – GK Sannieshof
	Ds P Lubbinge (Paul) – GK Mosselbaai
	Ds AP de Jager (André) – GK Klerksdorp-Noord
	Proponent IJ van der Westhuizen (Izak)
6 April	Mev M Erasmus (Marina), eggenote van ds LJ Erasmus (Lou) – GK Naboomspruit

Hartlike gelukwense aan die volgende emeriti met hul verjaardae

1 April	Prof JH van Wyk (Amie) – TSP
2 April	Mev W du Plessis (Wilna), weduwee van ds RJP du Plessis (Roelf) – GK Gobabis
3 April	Mev S Coetzee (Susan), eggenote van prof CFC Coetzee (Callie) – TSP
4 April	Mev ML Basson (Martie), weduwee van ds JS du Plooy (Koos) – GK Postmasburg
6 April	Mev W Venter (Wadi), eggenote van ds JH Venter (Jan) – GK Bethal
7 April	Mev EW Kruger (Elsa), eggenote van ds IJV Kruger (Koos) – GK Tsumeb
	Mev MS de Kock (Lenie), eggenote van ds JJ de Kock (Kobus) – GK Oranjerivier

Hartlike gelukwense aan die volgende teologiese studente met hul verjaardae

6 April Desmond Magayisa
7 April Schalk Buys

Gods ryke seën word u toegewens vir die nuwe lewensjaar *(Ps 16:5, 6)*

Hartlike gelukwense aan dr Brian en Lanae de Vries van Grace Reformed Church Northern Pretoria met die geboorte van hul dogtertjie.

KERKLIKE ADMINISTRASIE

Beroepe ontvang

- Proponent P Hattingh (Philip) na GK Bloemhof/Christiana kombinasie
- Ds PJ Hattingh (Peter) van GK Okahandja na GK Vanderbijlpark Trinitas
- Proponent JA Linde (Jaco) na GK Witrivier
- Proponent IJ van der Westhuizen (Izak) na GK Colesberg

Bevestiging

Die bevestiging van **proponent Riaan Andersen**, van GK Rooihuiskraal, vind plaas op 10 April 2021. Die bevestiging word deur ds Brahm Robinson van GK Cachet hanteer. Ds Andersen lewer sy intreepreek op Sondag 11 April 2021.

Emeritering

Ds Emile Naudé van GK Boksburg het op 28 Maart 2021 sy afskeidspreek gelewer.

POS BESKIKBAAR – ORRELIS

Die Gereformeerde Kerk, Rustenburg-Wes beskik oor ‘n vakature vir ‘n orrelis met ingang van 1 Mei 2021.

Pligte:

- Verantwoordelik vir die begeleiding van gemeentesang tydens eredienste elke Sondag. Dieselfde verpligting tov eredienste op Kerklike feesdae.
- Begrafnisdienste en Troues word per geleentheid onderhandel.
- Verantwoordelik vir die kreatiewe uitbou en ontwikkeling van musiek by eredienste.

Kwalifikasies, Vaardighede en/of ondervinding:

- Erkende musiekopleiding in Pyporrel. Hoewel ‘n BMus-graad nie ‘n vereiste is nie, kan dit as ‘n motivering vir aanstelling as orrelis dien.
- Tydens kragonderbrekings moet klavier gebruik kan word.
- Kandidate word versoek om voorbereid te wees vir moontlike demonstrasie van orrel- en of klavierspel.

Vergoeding:

Markverwante vergoeding sal tydens onderhoud bespreek word na gelang van kwalifikasies en ondervinding.

Aansoeke:

Aansoeke moet gerig word aan: Die Kerkkantoor, kantoor@gkrtbwes.co.za

Navrae: 014 533 3943

Sluitingsdatum: 30 April 2021

Veranderinge in kontakbesonderhede

GK Ficksburg
Skriba: Sr L Myburg. Sel. 078 683 3953. E-pos: lilly.myburg@gmail.com
Kassier: J Loots. Sel. 082 783 4833. E-pos: jjjloots@webmail.co.za

Klassisvergaderings

Datum	Klassis	Roepende Kerkraad	Tyd
10 April 2021	Suid-Vrystaat	Bloemfontein-Noord	09:00
12 April 2021	Trans-Magalies	GK Kameeldrift	18:00
19 April 2021	Oostelike Pretoria	GK Wapadrant	18:30
19 April 2021	Pretoria-Suidwes	GK Elandspoort	19:00
20 April 2021	Noordwes	GK Sannieshof	09:00
18 Mei 2021	Noord-Vrystaat	GK Monyakeng	09:00

Vanuit die Jeugkantoor vir Paasfees

Die Deputate Jeugsorg wil graag help om kinders meer van Paasfees te leer. Daarom het ons op GK Jeugse webwerf, www.gkjeug.co.za, 'n groot verskeidenheid aktiwiteits-bladsye beskikbaar. Daar is inkleurbladsye, toets jou kennis, blokkiesraaisels, woordpret en nog vele meer. Dit is natuurlik nie beperk tot kinders nie – almal kan dit gebruik! Stuur 'n e-pos na gkjeugkantoor@gmail.com vir meer inligting.

Die Kruispad e-tydskrif word die eerste Woensdag van elke maand uitgestuur. Dit is gratis, gereformeerd en propvol leesstof! Gaan na www.kruispad.net om te lees en in te teken. Stuur 'n e-pos na kruispad@gmail.com vir meer inligting. Volg hierdie skakel vir Paasfees-artikels.

Bekendstelling van Die Kerkblad

In opvolging van die onlangse skrywe van die Redaksie van *Die Kerkblad* rakende die situasie van ons blad, neem ons die vrymoedigheid om aan u die aangehegde "Bekendstelling" te stuur, wat u moontlik met vrug kan gebruik om *Die Kerkblad* nog beter in u gemeente bekend te stel en te bemark.

Soos ons in ons vorige skrywe gemeld het, ontvang ons steeds graag die naam van 'n skakelpersoon/bemarker in u gemeente, met wie ons op 'n gereelde basis kan skakel. Stuur asseblief ook die lidmaat se kontakbesonderhede saam.

Verder noem ons graag dat ons oor 'n aantal kopieë van vorige uitgawes beskik, wat ons aan u kan stuur met die oog op bekendstelling aan lidmate wat nie ingeteken is nie. Laat weet asseblief as ons vir u kopieë moet stuur en ook die aantal wat u benodig.

Nogmaals dankie dat ons ook weer kan vra vir u voortdurende voorbidding vir *Die Kerkblad* en ons ander tydskrifte.

Ons bid u as gemeente die ryke seën van ons troue Verbondsgod toe.

Hartlike groete in Christus,

Prof Callie Coetzee (Redakteur)

Proponente beroepbaar gestel

Proponent P Hattingh (Philip en Elzaan)
Sel: 078 126 7339
E-pos: hattphil@gmail.com

Proponent MD Letebele (David en Emily)
Sel: 079 064 4754 of 073 558 5533
E-pos: serameletebele@gmail.com

Proponent JA Linde (Jaco en Suzaan)
Sel: 062 552 5492
E-pos: lindejaco@gmail.com

Proponent IJ van der Westhuizen (Izak en Carolien)
Sel: 079 181 1580
E-pos: ijvdw1995@gmail.com

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Toe sê Jesus: “Vader, vergeef hulle,
want hulle weet nie wat hulle doen nie!”
Lukas 23:34